higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE SKAKELWESE N5

(5070035)

7 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

240Q1J2107

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE SKAKELWESE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Noem 10 items wat in 'n jaarverslag ingesluit moet wees. (10)

1.2 Gee VYF faktore wat oorweeg moet word wanneer geskikte media vir 'n veldtog in openbare skakelwese ('public relations campaign') gekies moet word. (5)

1.3 Kopieer die TABEL hier onder in die ANTWOORDBOEK en noem die verskille tussen 'n *glansartikel* (*feature article*) en 'n *nuusartikel* (*news article*) deur VYF eienskappe van elkeen neer te skryf.

GLANSARTIKEL	NUUSARTIKEL

(5 + 5) (10)

1.4 Gee die betekenis van elk van die volgende terme wat in drukmedia gebuik word:

1.4.1 Spertyd

1.4.2 Kopie

1.4.3 Leserstal

1.4.4 Embargo

1.4.5 Sirkulasie

(5 × 2) (10)

1.5 Noem VYF tegniese en uitlegfoute wat tydens die samestelling van 'n persverklaring gemaak kan word. (10)

1.6 Watter VYF praktiese wenke sou jy aan 'n onervare fotograaf gee om te verseker dat gehaltefoto's tydens 'n gebeurtenis geneem word? (5)

[50]

VRAAG 2

2.1 Kopieer die TABEL hier onder in die ANTWOORDBOEK en gee VYF voorbeelde van die verskillende media wat gebruik kan word in die fase waarin aktiwiteite in 'n openbare skakelweseprogram gedefinieer moet word.

INTERN	EKSTERN

(5 × 2) (10)

2.2 Identifiseer VYF eksterne belanghebbers ('stakeholders') in 'n openbare skakelweseprogram en verduidelik die belangrikheid van elkeen. (10)

2.3 Gee OSASA se definisie van openbare skakelwese en beskryf kortliks elk van die sleutelelemente van die definisie (5 × 2) (10)

2.4 Teken 'n organisasiekaart van 'n maatskappy om openbare skakelwese as 'n personeelfunksie te toon. (10)

2.5 Bespreek kortliks VYF bronne waar inligting oor verskillende mense, organisasies en dienste gevind kan word. (10)
[50]

VRAAG 3

3.1 Gee 'n kort definisie van elk van die volgende terme:

3.1.1 Korporatiewe identiteit

3.1.2 Korporatiewe beeld

(2 × 2) (4)

3.2 Maak 'n lys van 10 kategorieë van materiaal waarop 'n maatskappylogo gedruk kan word. (10)

3.3 Noem SES faktore wat 'n maatskappy se beeld en reputasie kan beïnvloed. (6)

3.4 Bespreek kortliks VYF voordele wat maatskappye met 'n goeie korporatiewe beeld geniet. (10)

3.5 Noem VYF maniere waarop maatskappye goeie verhoudinge met die media kan handhaaf. (10)

3.6

Discovery, Afrika se grootste gesondheidsversekeringsmaatskappy, sê hy bly vasbeslote in sy ondersteuning van Caster Semenya, wat reeds 2 keer die Olimpiese baanrekord vir die 800 m gewen het en ambassadeur vir sy Vitality-fiksheids- en -gesondheidsprogram is. Die arbitrasiehof vir sport het beveel dat vroueatlete in baannommers wat natuurlik verhoogde testosteroonvlakke het, die hormoon moet onderdruk as hulle aan sekere nommers wil deelneem.

Hulle is trots om Caster Semenya te ondersteun as atleet, nasionale held en as handelsnaamatleet, sê Firoze Bhorat, Discovery se hoofbemarkingsbeampte.

[Aangepas uit: *https://www.fin24.com/Companies/semenya-sponsor-discovery-backs-national-hero-says-ruling-unfair-20190503*]

3.6.1 Verduidelik *borgskappe* kortliks. (2)

3.6.2 Hoe kan 'n goeie verhouding met borge gehandhaaf word? (4 × 2) (8)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Dit is noodsaaklik dat 'n bestuurspan gereeld met werknemers kommunikeer sodat hulle produktief en gemotiveer kan bly.

Verduidelik kortliks VIER doelwitte van interne openbare skakelwese-kommunikasie. (8)

4.2 Noem SES interne kommunikasiehulpmiddels wat maatskappye gebruik om met werknemers te kommunikeer en beskryf elke hulpmiddel kortliks. (12)

4.3 Dui aan of die volgende stellings OPWAARTSE, AFWAARTSE, HORISONTALE of DIAGONALE kommunikasie is deur slegs 'Opwaartse', 'Afwaartse', 'Horisontale' of 'Diagonale' langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.3.1 Twee bestuurders bespreek hul planne vir die volgende vakansie.

4.3.2 'n Sekretaresse oorhandig die maandelikse verlofverslagvorm aan haar bestuurder.

4.3.3 'n Produksiebestuurder versoek bykomende fondse van die finansiële bestuurder om nuwe voorrade te koop.

4.3.4 'n Openbare skakelwesepraktisyn vra haar sekretaresse om 'n persvrystelling te tik.

(4 × 2) (8)

4.4 Is die kommunikasie in VRAAG 4.3.1 'n voorbeeld van FORMELE of INFORMELE kommunikasie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

4.5 Noem VYF doelwitte van kommunikasie in openbare skakelwese en gee 'n voorbeeld van 'n situasie waar elk van die doelwitte toegepas kan word. (10)

4.6 Noen en beskryf VYF kommunikasiestyle wat 'n openbare skakelwese-praktisyn op verskillende geleenthede kan gebruik. (10)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou